

Sing vooraf staande: Skrifberyming 12-2:5

-5-

*Ek geloof aan die gemeenskap / heilige verbintenis
van wie almal saam 'n eenheid, / in hul Heer een liggaam is.
Ek geloof die skuldvergewing, / weeropstanding van die vlees,
en 'n lewe in ewige duurte, / as die dood nie meer sal wees.*

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 89:2

-2-

*Ek het my trouverbond, so het die HEER gespreek, / met Dawid opgerig, en sal dit nooit verbreek.
Uit vrye guns sal dit My nimmermeer berou nie, / niks die vervulling van my eed aan hom weerhou nie:
Jou nageslag, o vors, bevestig Ek vir ewig, / jou rykstroom bou Ek op, van kind tot kind gestewig.*

Geloofsbelydenis Apostolicum

Na die wet sing ons Psalm 130:2

Wet

Psalm 130:2

-2-

*As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.*

Gebed

Psalm 19:4

-4-

*Die HEER se heil'ge wet / is rein en onbesmet, / en sal die hart bekeer;
sy woorde sal gewis / aan wie eenvoudig is, / die ware wysheid leer.
Sy regte heerskappy / dié sal ons hart verbly / en onreg nooit gedoë;
en wat sy wet berig / is suiwer soos die lig / wat afstraal op die oë.*

Skriflesing: Deuteronomium 30

Teks: Deuteronomium 30:14

Maar baie naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart, om dit te doen.

Baie van ons loop met 'n vertwyfelende gemoed rond oor ons sondes.

- Is ek ooit vir die Here aanvaarbaar?
- Sal iemand wat sulke lelike sondes soos ek gedoen het, ooit uitverkies kan wees?
- Kan iemand wat so moedswillig en uittartend soos ek is, eendag op die nuwe aarde rondloop?

Die antwoorde is: Verseker! Natuurlik sal daar mense soos ek en jy in die hemel wees.

- Mense wat dieselfde sondes gedoen het, is vir God aanvaarbaar, want God verkondig nooit net oordeel nie.
- Hy verdoem ook nooit sonder dat Hy ook die saak van sy genade stel nie.
- As die Here praat van oordeel, dan praat Hy altyd daarmee saam van genade en verlossing.

Maar nou stel die Here ook bepaalde eise.

- In die gedeelte wat ons gelees het, belof die Here om ons weer aan te neem as ons ons bekeer.
- Hy belowe dat Hy ons deur sy groot genade gaan verlos, wanneer ons berou het oor ons sondes.

Baie prakties gestel: *die Here belowe hier aan sulke skuldige en doemwaardige mense soos ons dat Hy ons ons skulde en sondes so volkome sal vergewe as ons daarvoor berou het, dat ons eendag in die hiernamaals sal lewe by Hom.*

Maar nou moet ons dadelik versigtig wees!

- Die Here gee nie in hierdie Skrifgedeelte aan ons die mag om ons eie saligheid te bepaal nie.
- Dit is nie nou in ons mag om te besluit ons gaan nou spyt kry oor ons kwade dade en die Here aanneem, sodat ons met hierdie verdienste kan hemel toe gaan nie!

In die vorige hoofstuk het die Here na sy volk toe gekom om sy verbond met hulle te vernuut. Die inhoud van die verbond lees ons in hoofstuk 29:13 vv:

... sodat Hy jou vandag vir Hom as volk kan bevestig en vir jou 'n God kan wees, soos Hy jou belof het ...

Die hele aksie in hierdie ooreenkoms gaan dus van God af uit.

- Hy maak die Israeliete sy volk en Hy is self hulle God.
- Verbond beteken dan ook 'n kontrak wat deur God opgestel is - Hy alleen stel die voorwaardes en ons word as die tweede party betrek.

Maar van vers 19 af verander die saak.

- Nou skrywe die Here dat diegene wat al hierdie dinge hoor en weet van God se genade, maar volhard in die kwaad, se sondes in 'n boek opgeskrywe sal word en dat hierdie vloek teen hom sal raak - so een gaan dan hel toe.
- Dit teken 'n taamlieke hopelose toestand vir elke mens wat nou hierdie woorde hoor, want wie is daar wat nie besef hoe hopeloos sy toestand is nie?
- Daar is geen regdenkende mens wat gaan dink dat hy die wet van die Here behoorlik onderhou nie.

Ons besef almal dat die Here ons sy volk maak, maar ons gedra ons nie altyd soos kinders van God nie. Nou wat nou?

Israel se sondes beteken nie die einde van alles nie!

- Wanneer hulle hulle weer bekeer, sal die Here hulle aanneem.

- Daarby sal Hy hulle nog mildelik seën ook.
- Hy sal hulle in hulle land terugbring en daar sal Hy aan hulle voorspoed gee.

Die Here gaan hulle dan ook nog geestelik seën.

- Hy gaan hulle geestelik merk as sy eiendom - hulle gaan nie meer net aan hulle liggame die teken van die besnydenis dra nie.
- Die Here gaan hulle harte besny. In hulle harte gaan hulle die tekens daarvan dra dat hulle die Here liefhet.

Dit sal hulle kan doen omdat die Woord van die Here nie ver van hulle af is nie. Dis in hulle hart.

- Daarom bekeer ons nie onself nie.
 - Die Here se Woord bekeer ons van binne af, wat Hy werk in ons hart en in ons mond.
 - Dis die betekenis van die verbond.
- Ons behoort aan God en ons is sy volk. Sy eiendom. Daarom kan ons nooit verlore gaan nie.
 - Al raak ek moedswillig, die Here hef nie sy verbond teenoor my op nie!
 - Ek hoef ook nie volmaak te wees nie, want dis juis omdat ons nooit volmaak kan wees nie, dat die Here die Middelaar stuur om vir my sondes gestraf te word.
 - Al wat die Here van my vra, is berou oor my sondes - opregte berou.

Berou het 'n besondere betekenis. Dit is nie dieselfde as om spyt te wees nie, en ook nie dieselfde as om jammer te wees nie.

- Kom ons kyk saam na enkele voorbeelde in die Bybel.
 - Nadat Kain vir Abel doodgeslaan het, vlug hy uit vrees, maar hy het nie berou nie.
 - Judas gaan hang homself op, maar hy het ook nie berou nie. Hy kry spyt, en hy besef wat hy gedoen het, en dan gaan doen hy 'n daad wat byna net so erg is!

Berou is om 'n baie diep bewoënheid te hê oor die kwaad wat jy doen. 'n Groot hartseer.

- Maar daarmee saam ook 'n belewenis van opregtheid en eerlikheid.
 - As jy dan berou het oor jou sondes, vlug jy nie of jy pleeg ook nie selfmoord nie.
 - Jy gaan maak reg wat jy verkeerd gedoen het!
- Berou beteken dus dat jy hartseer is oor wat jy God aangedoen het met jou moedswilligheid en nou doen jy afstand van hierdie ongehoorsaamheid.
 - Jy probeer jou bes om beter te doen.
 - Jy probeer elke keer jou eie wil afweeg teen die wil van God, en dan pas jy jou beplanning aan by dié van God.

Nou verduidelik die gedeelte homself al in hierdie begrip. Die heil wat God beloof, word deur niemand ontvang anders as deur bekering nie.

Bekering en geloof is ook weer verbind aan mekaar. Maar dis belangrik om te onthou dat bekering die gawe van God se verbond met ons is. Ons lees dit in Jeremia 31:33:

Maar dit is die verbond wat Ek na die dae met die huis Israel sal sluit, spreek die Here: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle sal vir My 'n volk wees.

Dis hoe die gawe van bekering aan ons geskenk word.

- God skryf in ons binneste.
- Hy is ons God, selfs wanneer ons Hom verwerp.
- Hy maak ons dan ook weer sy volk.

Nou staan ons gemeente voor God. Almal doemwaardig.

- Sommiges van ons het soms baie groot twyfel in die harte.
- Sommiges selfs moedswillig en nie bereid om tot bekering te kom deur berou te hê oor hulle sondes nie.
- En hierteenoor staan die beloftes van God.

Eerstens raak hierdie openbaring van die Here Israel.

- Hulle sal aan hulle lyf weer voorspoed ervaar sodra hulle berou kry oor hulle sondes.
- Maar die Nuwe Testamentiese Kerk kom ook al in die gesigsveld wanneer die Here gelyk met liggaamlike seëninge ook geestelike seën beloof.
- Ons hoor selfs al die woorde waarmee die doop in die Nuwe Testament beskryf word: **besnydenis van die hart.**

Hierdie deel koppel ons dan aan die Here Jesus Christus.

- Nie een van ons kon in hierdie lewe volmaak aan God gehoorsaam wees nie - daarom kom die Here Jesus Christus om dit vir ons te wees.
- Hy word so hartseer oor Jerusalem wat nie wil luister nie. Hy sê met soveel hartseer, asof Hy berou het in die plek van Jerusalem: **Hoeveel keer wou Ek jou kinders bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens – en julle wou nie.**

Wanneer die Here Jesus Christus dan sterf en uit die dood opstaan, doen Hy twee dinge wat hierdie teksvers nog 'n groter waarheid maak vir ons.

- Eerste stuur Hy die Heilige Gees terug as ons Trooster. Hy is ons Leidsman. Die Voorsêer van God se Woord in ons binneste. Nou is dit al klaar waar:

Baie naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart!

Ons het geen verskoning meer as ons nie berou het oor ons sondes nie.

Tweedens gebeur nog iets: Die Heilige Gees volvoer nog 'n opdrag.

- Van die heel vroegste tye af kies God mense wat sy Wil en sy geskiedenis moet neerskryf.
- Die Heilige Gees lei hierdie mense se verstand en gedagtes. So kom die hele Bybel op skrif.

Na die Here Jesus Christus die Heilige Gees oor sy apostels uitgestort het, ontstaan in 'n baie kort tydjie die hele Nuwe Testament. Nou het ons die Woord nog nader.

- In my hart en verstand, want die Heilige Gees het dit eintlik in my hand gegee, sodat ek dit kan lees en studeer.

- Sodat ek geen verskoning kan hê as ek nie wil hoor nie.

Uit die hele Woord van God wat so naby aan ons is, is daar twee dinge duidelik.

- Iemand wat nie na God wil luister nie, gaan deur God veroordeel word.
- Maar iemand wat wel luister, hy kry genade genadig is dit so, want daar is niemand volmaak nie.

Dit gee die troos.

- Al jaag my gewete my oor sondes wat ek gedoen het, hulle almal word my vergewe wanneer ek berou het.
- Ek hoef nie uitgelewer te voel nie. God bekeer my deur sy Gees.

Ek stuur julle 'n ander Trooster, wat julle in alle waarheid sal lei!

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 71:14

-14-

*Ek sing 'n lofsang by my snare, / 'n lied van troos en trou
waarin 'k u lof ontvou, / o Heilige by Isr'els skare!
Ek roep, tot vreug herbore: / "Verlos, en nie verlore!"*

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 30 September 2012